


# KOERANIA

Junie 2025 | ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT | Volume 1 Uitgawe Nr 19




## KITSNUUS

Lees meer binne

**Moet nie Kaalvoetkonsert mis nie**
*Bl 2*

**Toerisme om besoekers te lok**
*Bl 2*

**Carl Meyer nou assosiaat**
*Bl 3*

**Left Sleeve motiveer op Tiktok**
*Bl 3*

**Persoonlikhede in Grootbrak**
*Bl 5*

**Sakekamers in Wes-Kaap besoek**
*Bl 5*

**NUUT: Rubriek - Wynvlieg Woltemade**
*Bl 5*

**Akwamasie**
*Bl 6*

**Menings: Selfbeskikking vir kinders**
*Bl 7*

**Vanuit die gehoor: Plaasbraai 2025**
*Bl 9*

**Nadia praat met ysters**
*Bl 11*

**Christo en Wayne doen goed**
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Selfbeskikking:

## Om die ideaal na 'n werklikheid te neem



Adv. Jan van Zyl

Orania is 'n gemeenskap gevorm rondom die ideaal van selfbeskikking. Ieder en elk van ons wat in Orania woon het met die opneem van ons verblyfreg onderneem dat ons hierdie ideaal van selfbeskikking ondersteun.

Vir die rede oor hoekom ons hierdie ideaal nastreef, stel dr. Wikus Buys die doel soos volg: Om as verloste volksgemeenskap die besluite tot vrye aanbidding te maak en plekmatig uit te voer. Diegene wat die oogmerk van selfbeskikking reg verstaan sal dan ook verwys na "vryheid tot..." en nie "vryheid van..." nie.

Prof. Koos Malan beskryf selfbeskikking vanuit 'n regsoogpunt soos volg: Selfbeskikking impliseer (…) die reg van 'n gemeenskap om (deur sy verteenwoordigers) en rakende aangeleenthede wat die gemeenskap se belange raak wetgewende besluite te neem en dit af te dwing. Dit impliseer noodwendig die een of ander vorm van selfregering, wat in staatsregtelike sin veral wetgewende (en uitvoerende) bevoegdhede omvat.

Maar wat beteken hierdie reg op selfbeskikking? Kan ons dit prakties in Orania toepas?

**Om eerlik en realisties te wees**

Selfbeskikking is 'n regskonsep. Ingevolge die reg is daar sekere voorwaardes en vereistes waaraan 'n volk moet voldoen, indien daardie volk eerlik en realisties oor hul ideaal om selfbeskikking te bereik, wil wees. Indien ons hier in Orania ernstig is oor selfbeskikking, moet ons bereid wees om die praktiese vereistes en stappe daartoe soos dit in die internasionale reg gevind word deur te voer. Indien ons egter nie selfbeskikking as strewe binne die geldende reg uitbou nie, is ons eenvoudig nie met selfbeskikking besig nie. Dan is ons eintlik oneerlik.

Ons kan dus nie sê ons streef die ideaal van selfbeskikking in Orania na as ons nie eerlik en opreg die vereistes wat hierdie reg stel, nakom nie.

Ons moet nie slegs eerlik wees nie, maar ook realisties: Vir 'n ideaal om suksesvol te wees is dit nodig dat dit vanuit die realiteit en met 'n verrekening van die realiteit gebou word. Anders bly drome bloot drome en word nie later die werklikheid nie. Die realiteit is dat ons as Afrikaners die politieke mag in Suid-Afrika verloor het. Daar is vir Afrikaners werklike en wesenlike ekonomiese- en politieke faktore wat ons nie kan ontken of ignoreer nie. Orania se strategie word berekend gegewe hierdie realiteit waarmee Afrikaners te make het in werking gestel. Orania vestig en bou 'n gemeenskap wat die werklikhede van die dag verreken.

Indien ons nie realisties oor die werklikhede van ons tyd is nie, maar veral nie eerlik met die regsvereistes en voorwaardes van selfbeskikking omgaan nie, kan en mag ons nie dan voorgee dat ons selfbeskikking nastreef nie. Byvoorbeeld, 'n ingesteldheid om die regskonsep "selfbeskikking" te misbruik as 'n manier om eintlik na apartheid terug te hunker, is nie selfbeskikking nie. Selfbeskikking is niks minder as 'n proses nie, nie 'n toekomstige oomblik nie, waar ons stap vir stap moet bou na 'n groter vlak van selfbeskikking. Daarmee is Orania reeds besig.

**Wat is die regsvereistes vir selfbeskikking?**

Om hierdie vraag te beantwoord, is dit eers belangrik dat ons moet kennis neem dat "eksterne" selfbeskikking, dus waar 'n nuwe staat ontstaan, hoogs uitsonderlik voorkom. Daar is streng voorwaardes daarvoor en beperk die regsbeginsel dat state se territoriale integriteit beskerm en in standgehou moet word die vorming van nuwe state. Met "interne" selfbeskikking, dus waar volke oor hul eie sake outonomie kan uitoefen en steeds deel van die groter staat vorm, kom meer algemeen voor. Onder vreedsame omstandighede spring geen volk van niks na alles nie en is die roete van interne selfbeskikking in ieder geval, ingevolge die reg, die roete wat jou uiteindelik na eksterne selfbeskikking neem.

Die reg op selfbeskikking is 'n internasionaal-erkende reg, maar kom ook in ons nasionale reg (sien hier art. 235 van die Grondwet) voor. Hierdie reg word egter beperk, het vereistes en voorwaardes en vereis veral dat ons dit moet "opneem" in plaas van om te dink ons kan dit maar net "ontvang".

Die regsvereistes waaraan ons (met die fokus op Orania) moet voldoen, kan in die vorm van 'n kernvereiste weergegee word:

Selfbeskikking kan deur 'n groep mense met 'n gedeelde kultuur en taal, wat 'n minderheid in 'n staat vorm, maar 'n meerderheid in genoegsame getalle in 'n bepaalde gebied uitmaak, opgeneem word; met die volgende voorwaardes:

1.1 In samehang met ander regte en wetgewing, met klem op nie diskriminasie nie.

1.2 Legitieme wyse (in SA erkenning deur owerheid met verkieslik gepaardgaande wetgewing).

1.3 Deurgevoer deur politieke liggaam en instellings wat onderling erkenning en geloofwaardigheid geniet.

1.4 Nie by wyse van geweld, oorlogvoering.

**Wat beteken hierdie kernvereiste op 'n praktiese vlak?**

Die regsvereistes vir die reg op selfbeskikking is in wese prakties op ons hier in Orania van toepassing. Dit dien as goeie riglyn oor wat ons moet doen, maar ook wat ons nie moet doen nie:

Om ons ideaal eerlik uit te leef, moet ons:

1. Afrikaners op 'n kultuurgrondslag vestig. Die reg laat selfbeskikking aan 'n groep toe wat daardie groep se aanspraak op 'n taal- en kultuurgrondslag vestig. Nie ras nie. Inteendeel, indien ons dit op 'n ras-grondslag doen, mag ons nie van selfbeskikking praat nie. Dit is in daardie geval oneerlik om dan van selfbeskikking te praat.

2. Afrikaners in groter getalle binne 'n bepaalde gebied vestig. Demografie en getalle. Ons moet meer Afrikaners in Orania vestig.

vervolg op bl. 2

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



KOFFIE EN KLETS met die redakteur



# 'n Keuse vir God

Ek lees op sosiale media waar soveel mense hulp vra omdat 'n vreemde gebeurtenis hulle laattwyfel, laat skrik of bangmaak. Die reaksies van Afrikaners, wat in 'n sogenaamde Christelike land woon, is aanvallend, krities, harteloos, misplaas of bloot hartverskeurend. Ek lees dit en wonder wat God hiervan dink en hoe dit Hom laat voel…

Wanneer het dit gebeur dat mense hulself die reg begin toe-eien het om 'n ander se vrees of pyn met soveel ontnugtering of swartgalligheid te bejeën? En dit dan op 'n aanvallende of verkleinerende wyse uit te spreek?

Het die mensdom wragtig so versink geraak in satan se kloue en sy bloeddorstige steel van siele, dat die leuen en aanslae nie so duidelik soos daglig vir jou uitstaan nie?

Die Vader vra van my en jou om met onderskeiding te oordeel. Ja, ons MOET oordeel, anders is dit mos maklik om in die aanslae van die wêreld te verval? Ons moet kies. Donker of lig?

Die hele land gaan tans gebuk onder 'n kouefront. Vou jou hande saam, gaan saggies op jou knieë (gebruik 'n kussing as die kniege seerkry), maak toe jou oë en BID! Gebed en genade is wat ons nodig het, maar die belofte van gebed is nie genoeg nie. Ons moet tot aksie oorgaan. DOEN dit!

Hoeveel keer het jy al vir iemand gesê dat jy vir hom of haar gaan bid en dan doen jy dit nie? Ek is seker ek het dit al gedoen. Nie bewustelik nie, maar "die lewe gebeur" en dan dink ons daar is belangriker goed wat op die taaklys van die dag wag. "Ek sal later."

Kom ons skop die winter af met die wil en drang om volhoubaar te bid. Om met opregte harte en met ons mosterdsaadgeloof tot die Vader te draai. Dit is waar ons hulp vandaan kom!

Hoe nader ons aan die Vader beweeg, hoe meer sal die aanvalle wees. Hy voorspel dit in sy woord. Skink jou koffie (of sop) met oorgawe, neem die Bybel op en soek 'n sonkolletjie waar jy stil kan word en tot die Vader keer vir jou, jou bure, jou familie, jou dorp, jou land se opstaan en terugkeer na Hom wat ons liefhet!



vervolg vanaf bl. 1

Hoe meer ons is, hoe sterker is ons aanspraak op selfbeskikking. Op 'n praktiese vlak en met goeie kommunikasie "bou ons die stad".

3. Ons instellings uitbou en versterk. Selfbeskikking kom die georganiseerde groep toe.

4. Op legitieme wyse aanhou poog om nog meer erkenning te ontvang. Selfbeskikking vereis erkenning, maar dit moet ons wettig en binne die reg ontvang.

5. Die geldende reg respekteer en nie onsself aan menseregte-vergrype skuldig maak nie. Ons bly onderhewig aan nasionale wetgewing en moet veral nie onsself aan diskriminasie skuldig maak nie.

6. Nie onsself aan geweld skuldig maak nie. Hiermee word bedoel om te wil oorlog voer vir selfbeskikking. Gelukkig weet Oraniërs dit is sinneloos en inderdaad vernietigend vir ons ideaal.

7. Ons moet ons reg op selfbeskikking "opneem". Moue oprol, ons gaan nie ons ideaal verwesenlik as ons nie hierdie reg opneem nie.

Ten laaste: Ons moet hierdie kernvereiste eerlik uitleef, maar in geloof. Daarsonder beteken al ons pogings in ieder geval niks. Geloof gee aan ons die hoop en volharding om hierdie grootse, maar edele ideaal, suksesvol na te streef.

MENINGSTUK deur Dr Johann Dannhausser

# Beplanningsprioriteite moet skuif

Syfers pas bekendgestel toon die interessante tendens van sterk semigrasie vanaf die noordelike provinsies na spesifiek Wes-Kaapse plattelandse dorpe soos Swellendam, Barrydale, Bonnievale, ens. In hierdie opsig is verlede jaar meer as 8 000 eiendomstransaksies geregistreer met 'n totale waarde van bykans R9,5 miljard.

Hierdie nuus dien saam gesien te word met die groter golf van semigrasie vanaf die noordelike en sentrale provinsies na veral die Wes-, Suid- en Oos-Kaap, asook met die dekadeslange emigrasie uit Suid-Afrika na die buiteland, wat na raming in totaal al meer as 2 miljoen mense beloop.

Hierdie syfers toon duidelik dat Orania as verklaarde Afrikanerdorp met sy slegs sowat 3 000 inwoners ná 34 jaar nie 'n bestemming van voorkeur vir die Afrikaner is nie. Hoekom nie? Hoe kan hierdie situasie positief aangespreek word?

Om op hierdie vrae te antwoord, moet eers enkele relevanthede omtrent Orania gestel word:

- Daar is tans twee hoofstrome in die Afrikaner: Die een stroom sê die Afrikaner is 'n kultuurgroep wat vir sigself binne die huidige Suid-Afrika 'n nessie moet oopskrop en sodoende deel van die staatkundige opset bly. Die ander stroom sê die Afrikaner is 'n volk in eie reg wat streef om d.m.v. selfbeskikking 'n onafhanklike en vrye volkstaat te verwesenlik.
- Die stigtingsdoel van Orania in 1991 was dat die dorp moet dien as groeipunt vir uiteindelik 'n onafhanklike en vrye Afrikaner Volkstaat.
- As sulks vorm Orania as verklaarde Afrikanereiendom steeds die vlagskip vir Afrikanerselfbeskikking op pad na onafhanklikheid en vryheid.
- Gegewe die bewese vyandigheid van die ANC-regering jeens die Afrikaner en die diaboliese eenwêreldstrewe van die NWO, behoort Afrikanerselfbeskikking versnel te word.
- Die God van Bloedrivier is vandag nog dieselfde.


Teen hierdie agtergrond kan op bogenoemde vrae soos volg geantwoord word:

- Orania behoort sy beplanningsprioriteite te verskuif vanaf dié vir 'n "stad" na dié vir 'n volkstaat en faktore soos bevolkingsvestiging, gekonsolideerde grondgebied, watersekerheid, selfstandige voedselverbouing en energie-onafhanklikheid te prioritiseer.
- Intern in Orania is bepaalde herstrukturerings noodsaaklik, waarvan 3 is:
  - Die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) as formeel-erkende oorkoepelende plaaslike owerheid moet sy rol en funksie daadwerklik opneem;
  - demokrasie moet uitgebrei word - die sowat 400 aandeelhouers van OAB-maatskappy wat stemreg het uit 'n bevolking van ongeveer 2 500 stemgeregtigdes smoor inisiatief;
  - Orania behoort 'n onafhanklike regbank te kry ter vervanging van die huidige outoritêre OAB-regspraktyk.
- Die konsep van Afrikaner/Boeretrots moet omtrent Orania baie sterker bevorder word – dit behoort die nr. 1 rede te wees waarom volksgenote na Orania trek.
- Orania moet 'n ekonomie van skaal vestig deur 'n beleggersvriendelike owerheidsingesteldheid te hê, 'n pakket van vestigingsaansporings vir voornemende sakelui aan te bied, spesifiek werkskeppende vervaardigingsnywerhede te werf en Afrikaner/Boere-entrepreneurskap te ontwikkel.
- In die hele proses moet die noodsaaklike konsep van eie arbeid uitgespel en toegepas word en wel op aanpasbare en nie-rassistiese wyse.

Stappe soos hierdie is noodsaaklik om Orania 'n bestemming van voorkeur vir Afrikaners te maak en Orania op die langtermyn te ontwikkel in 'n eerstewêreldstaat.

# Toerisme skep geleenthede

Werner Fourie



Orania Sakekamer bestuurslid en Streekontwikkelingsekonoom

ORANIA – Ons dorpie maak vordering om meer toeriste te lok en ons unieke leefstyl en gemeenskap aan ander bekend te stel. Met 'n skoon, veilige omgewing en 'n sterk sin vir selfbestuur bied ons 'n vreedsame plek wat toeriste van oral in Suid-Afrika kan lok.

Al is ons afgeleë, is daar 'n groeiende belangstelling in wat Orania bied, van kulturele feeste tot sportgeleenthede en plaaslike boerderyaktiwiteite. Ons vliegveld word meer gereeld gebruik, en maniere om die toeganklikheid te verbeter word ondersoek.

Daar moet nou toenemend na maniere gekyk word waarop innoverende toerismegeleenthede ontwikkel en aangegryp kan word. Dit moet nie net meer besoekers lok nie, maar ook nuwe moontlikhede en groei vir ons dorp ontsluit.

Die een aanduiding wat beskikbaar is, is dat die dorpstoere in 2020 'n totaal van 1 504 besoekers en gedurende 2021 'n totaal van 2847 besoekers hanteer het. Gedurende 2023 is egter 776 toere met 3 569 besoekers uitgevoer. Dié jaar was toe die grendelstaat nie meer die publiek se reismoontlikhede aan bande gelê het nie.

Daar is uitdagings, soos hoe om negatiewe persepsies te oorkom en aanloklike infrastruktuur te ontwikkel, maar ons het 'n visie om Orania as 'n veilige, unieke bestemming vir almal te laat groei.

Hoewel daar nog nie 'n amptelike Toerismeburo bestaan nie, broei daar idees onder plaaslike entrepreneurs, kulturele aktiviste en ander dromers met 'n passie vir die dorp. Voorstelle word reeds ontvang om die toerismesektor vir 'n breë groepering van potensiële besoekers te ontwikkel.

Hoewel Orania se sterk beginsel van selfwerksaamheid ononderhandelbaar is, is dit duidelik dat daar slim planne beraam moet word om die toerismesektor 'n hupstoot kan gee. Gespesialiseerde bemarking, samewerking met Afrikaanse toerismekanale, en selfs beleggings van vriende buite Orania kan alles bydra om groter sigbaarheid te verseker.

Toerisme vorm deel van Orania se ekonomiese enjin en is beslis 'n sektor met groeipotensiaal. Volhoubare ontwikkeling van dié sektor sal strategiese denke verg. Bestaande geleenthede wat reeds besoekers na die dorp lok is: Orania Karnaval, Orania Gaan Groot, Geloftefees, Bokkieweek, Bo-Karoo Vasbyt, Pekanneutkonferensie en die Orania Beweging se ledenaweek.

Dit is 'n feit dat Orania verskeie geleenthede bied om sy toerismesektor uit te brei. Dit is belangrik dat hierdie geleenthede verantwoordelik benut word. Die vyf strategieë wat vir Orania voorgestel word, is:

1. Bemark Orania as 'n veilige oornagbestemming vir diegene wat tussen Gauteng en die Wes-Kaap reis.
2. Stel die vliegveld beskikbaar en bemark die vliegveld vir gebruik.
3. Skep reispakette sodat mense wat meer wil leer oor Orania, die dorp kan besoek.
4. Skep meer aktiwiteite en brei bestaandes uit sodat besoekers meer goed het om te doen in Orania. Meer aktiwiteite maak dit ook vir besoekers die moeite werd om die afstand af te lê.
5. Kry 'n groot fees of byeenkoms vir elk van die maande Mei – Augustus om deur die stiller tye mense na Orania te lok

Om die holistiese strategie van die toerismesektor te belyn sal 'n toerismevereniging van waarde wees.

# ORANIABRIEWE

Stuur vir ons jou brief van maksimum 350 woorde na redakteur@koerania.co.za en ons oorweeg dit vir plasing. Die standpunte of menings wat in die skrywes genoem word, is nie noodwendig die menings van Koerania se redakteur, adverteerders of rolspelers nie.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Left Sleeve improviseer 'n opregte strewe

Dia van Staden - Redakteur



Op die ouderdom van 19 maak hy baie geld met sy dobbelafhanklikheid en dié leefstyl spiraal tot 'n lewe van chaos. Vandag is dié 41-jarige reeds 6 jaar 2 maande en 28 dae vry van dwelms, drank en 'n akute dobbelverslawing.

Wie sou kon dink dat 'n seun wat vir baie jare op skool gespot en geboelie was omdat hy gestremd is, so sterk sou opstaan? "Ek het breinskade opgedoen toe my ma, Gerda, 8 maande swanger was met my en in 'n motorongeluk betrokke was. Die impak van die stuurwiel het my ma seergemaak, en my linkerbrein het skade gekry. Ons het twee sussies in die ongeluk verloor," vertel hy.

Die talle chirurgiese prosedures wat hy tussen die ouderdomme van 4 en 12 moes ondergaan het hom gedurig met krukke gelaat. "Ek was altyd besig om te herstel van een of ander operasie. Ek het goeie oog-hand koördinasie, maar rugby en krieket was vir die normale ouens," sê Fanie.

Die dag toe hy die besluit geneem het om vir hulp te vra het hy geweet dat hy die einde van die pad nader. "Ek was op die klimaks van my verslawing. Ek wou uitkom, maar wou niks doen nie, want ek het oor min goed omgegee. Ek was duur vir almal wat in kontak met my gekom het – emosioneel en finansieël."

Hy het besef dat hy net een oor begin oor het. Hy was kreatief en gebroke, maar opgewonde. Vandag is hy nederig dankbaar, liefdevol, respekvol en opbouend. "Ek is opgewonde, want daar is vir niemand limiete nie, en ek is ook iemand!"

Hy maak 'n skokkende stelling: "As ek met my groot ego sogenaamd normaal was, sou ek al dood wees. My linkerkant moet my gawe van gestremdheid beskerm."

Sedert Fanie Walkenshaw, aka Left Sleeve, op 6 September 2023 sy eerste Tiktokvideo gemaak het is daar tans meer as 1.6miljoen volgers op sy sosiale media platforms. Koerania het hom in Hoekwil gaan ontmoet waarvandaan hy sy motiveringsbesigheid bedryf.

Fanie is blatant eerlik wanneer hy met sy gehore gesels. Hy vertel: "Die Fanie van byna 10 jaar gelede was geskei, emosioneel onvolwasse, selfgesentreerd en onbetroubaar met 'n gebroke selfbeeld.

> Op 'n kol het geen persoon nodig gehad om my te help nie. Wie is ek om dit weg te hou van iemand anders?

My slagoffermentaliteit en geweldige verlange na my pa het daartoe gelei dat ek met niks opgeeindig het. Ek was eensaam en afhanklik van almal en alles om my!"

Hy is gemaklik in sy lyf. Hy voel bevoorreg om 'n gebrek te hê, nie omdat dit 'n voorkeur is nie, maar omdat hy elke oggend onthou wat hy moet doen om dankbaar te wees.

Hy maak kontak met sy luisteraars en kykers. Hy is blatant eerlik en opbouend. "Ek word gefassineer deur feëverhale en goeienuus-stories. Ek is hals oor kop verlief op die liefde en ek dink ek sal altyd wees."

Left Sleeve vermaak gehore landwyd met sy wonderlike vermoë om woorde na gedigte te improviseer. Daar is nie einde aan sy digkuns nie. Sy kwesbare eerlikheid is sy eie laste wat hy hardop dra, want dan dra sy gehore dit saam met hom. Hy loop met sy eie kwesbaarheid op sy mou. "Ek is 'n "geek" wat lief is daarvoor om gediggies te skryf. Ek kan nie die wêreld verander nie, maar ek kan verander waar my voetspore is. Enige persoon kan self besluit of hulle wil saamstap. Gediggies is nie cool nie, maar hoe abstrak dit ookal mag wees, daar is 'n massiewe plek in die son daarvoor. Dit is wat ek kan verkoop, want ons kort dit."

Daar is geen digter met wie hy identifiseer nie. Hy skryf nie akkuraat of dalk taalkundig korrek nie, maar eerlik. Daar kom binnekort 'n boek: Realisties, wat hy self gaan uitgee. Televisieverskynings wink en internasionale optredes gebeur in September 2025. Hy is 'n groot aanhanger van die UFC-vegkuns. "My swaer het my 4 jaar terug daaraan blootgestel en ek is verlore daarin! Daar is waar ek wonder of ek goed sou wees in sport. Sou ek dalk regshandig wees as ek myself kon verdedig? Sport bevat soveel variasie en inhoud." Max Holloway met die bynaam, Blessed, inspireer hom.

Aanraking en omgee is sy liefdestaal. In sy kop is die middel van sy lewe so naby aan die einde daarvan. "Ek is 5 jaar weg van hoe oud my pa geword het. Ek het so groot behoefte om ouer te word, sodat hy kan."

Left Sleeve wil sy seëninge en gawes uitdeel. "Ek kan net hou wat ek het deur dit weg te gee." Hy leer homself die vermoë om alles te bereid waar hy nie vandaan kom nie. "As ek stilsit en besef dat ek alles het, kan ek net terugkom na waar ek vandaan kom. Waar my voete is."

# Regte vir die regte redes

Dia van Staden - Redakteur



Foto: Verskaf

Willie Spies het Carl Meyer as assosiaat by Hurter Spies Inc. verwelkom. Spies noem dat Carl 'n staatmaker kandidaatprokureur was en het hom sukses met sy loopbaan toegewens.

Carl Meyer (26) het onlangs sy pos as assosiaat by die firma Hurter Spies Inc. in Pretoria opgeneem. Dié jongman het tydens sy studies 'n liefde vir analitiese denke ontwikkel en geniet die uitdaging om komplekse regsprobleme op te los.

Aanvanklik het Carl sy keuse vir die beroep gebaseer op die feit dat verskeie van sy familielede as prokureurs praktiseer. Die verskil wat daardie individue in die regsberoep maak het, het hom geweldig gemotiveer. Willie Spies, direkteur van Hurter Spies Inc. het Carl ook op sosiale media by hul praktyk verwelkom.

"Die impak wat die regsberoep op die samelewing maak is wat my inspireer en daarom moes my tweede keuse, bedryfsielkunde, in die slag bly," noem Carl.

Hy beoog om in administratiewereg en konstitusionelereg te spesialiseer. "Die regsveld beinvloed die belange van elke persoon in Suid Afrika en het die potensiaal om 'n beter omgewing vir almal in die land te vestig," gesels hy voort.

Carl geniet die konflik wat sy professie bring, aangesien hy 'n oplossingsgedrewe ingesteldheid het. "'n Mens se benadering tot konflik is wat die verskil maak. Ek wil 'n probleem oplos, eerder as om te baklei."

Hy woon in Pretoria en het tans geen voorneme om die stad se liggies vir 'n ander omgewing te verruil nie. Carl neem graag natuurfoto's en tuis is 'n boek gereeld goeie geselskap.

In 'n spontane gesprek vertel hy dat biltong 'n voorkeur is omdat hy nie 'n soettand het nie. Hy is lus vir die winter want dan kan hy 'n gunsteling geniet: sop! Hy geniet Pretoria maar as hy die geleentheid kry om te reis, sal dit beslis sy lewensemmer voller maak. Hy omarm elke geleentheid wat hy kry om die wêreld te verken. Youtube bied vir Carl baie meer insiggewende inligting as blote televisieprogramme, maar hy geniet dit om die huis in stand te hou met herstelwerk hier en daar.

'n Kuiertjie wat persoonlike interaksie bring is vir hom lekker want hy wil eerder in persoon kuier waar hy die gedrag van 'n persoon kan dophou. "Ek leer mense beter ken op so manier." Hy skram nie weg vir troukoors nie, want hy sal graag eendag sy lewe met iemand spesiaals wil deel.



# Persoonlikhede
## in Grootbrak ontketen

Die Twin Trees Restaurant in Grootbrak het vir groot pret gesorg toe daar vir paartjies 'n sessie aangebied is waarin hulle hul unieke persoonlikhede kon ontdek. Contessa Kruger en Dia van Staden, albei onderlê in kundigheid van persoonlikheidstipes en breinprofiele, het 'n heerlike kuieraand rondom keurwyne aangebied.

Laurette Swanepoel, eienaar van Twin Trees Restaurant, wat ook 'n wynkelder insluit, het die smaakkliere laat wikkel met die uitlê van verskillende geure wat by die onderskeie persoonlikhede pas. Die drie aanbieders het die gehoor se terugvoer oor hulle belewenis van mekaar se persoonlikhede terdeë geniet.

Dit is duidelik genoem dat daar potensiële dominansie in 'n kwadrant van persoonlikheidstipes kan wees, maar dat elke unieke individu ander eienskappe sal insluit.

Jeanette Peenz, 'n Orania aandeelhouer wat tans in Grootbrak woon, het saam kom kuier en daar is kwaliteit inligting oor Orania met die gaste gedeel.

Laurette vertel: “Dit was nou so lekker dat ek dink ons moet sommer gou weer aan 'n aanbieding werk wat die winter sal verdryf.” Contessa se aanbieding het elke persoon in die gemaklike sitkamer, waar 'n oondjie vir warmte gesorg het, aan die gesels gehad. Dia het oor die 3 breine gesels en keuses wat 'n mens maak daarmee belyn. Daar is tot laataand geklets en gekuier terwyl die smaaklike pizzas en wyn tot 'n heerlike atmosfeer bygedra het.

Nooi ons gerus na jou dorp toe om daar te kom help om persoonlikhede te ontsluit, kommunikasie te verbeter (by die huis en in die werkplek), emosionele intelligensie te verhoog of konflik op te los. Daar word uitgesien na opvolgsessies by Twin Trees, en selfs elders in die land, waar nog 'n paar temas met 'n kuier sal saamvloei.


Jadré Lategan, Marietjie Ostacchinni en Jeanette Peenz is drie vriendinne wat saam gekuier het by Twin Trees Restaurant.


JP en Marilize Geyser is 2 jongmense wat die korporatiewe wêreld omarm. Hulle het met oorgawe deelgeneem aan die gesprek en hulle besliste belangstelling om hul verhouding nog meer te versterk sal beslis vrugte afwerp.


Laurette Swanepoel, eienaar van Twin Trees Restaurant in Grootbrak, vertel die gaste meer van die gepaste wyn wat by persoonlikhede se eienskappe aanhaak. Besoek dié familievriendelike restaurant wanneer jy weer daardie kant toe ry.belangstelling om hul verhouding nog meer te versterk sal beslis vrugte afwerp.


Contessa Kruger is hier besig om die vier primêre persoonlikheidstipes te demonstreer sodat die gaste hulle maklik met 'n dominante persoonlikheid kan vereenselwig.



GELUK MET JULLE VERJAARDAG
KONTREIWINKEL
INTERStat
The Products, The Prices, The People

# Kaalvoetkonsert 2025 gee jou rede om te sing en dans






Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Orania Sakekamer verteenwoordiger in Wes-Kaap



Fanus Truter

Aftreeseminaar in Mosselbaai later vanjaar... Fanus Truter is die voorsitter van die Mosselbaai Besigheidskamer. Hul beplan vanjaar 'n Aftreeseminaar wat die uiters noodsaaklike sorg en 'n rits behoeftes vir bejaardes sal aanspreek. Koerania het met hom gaan kennis maak om meer uit te vind oor dié beplande seminaar wat later vanjaar aangebied sal word.

Daar word 'n magdom temas en instansies aan die seminaar gekoppel wat waardevolle besonderhede met bejaardes kan deel. Afgetredenes se volledige behoeftes word in ag geneem met die saamstel van die program. Kundige sprekers en uitstallers sal deel uitmaak van die geleentheid. “Die Wes-Kaap is 'n gewilde aftreebestemming, en ons moet ons bejaardes bemagtig sodat hul aftrede gemaklik kan verloop,” vertel Fanus. Die wens is uitgespreek dat Bo-Karoo Opleidingsentrum se lektore en tuisversorgingstudente hierby betrokke kan wees, maar moontlik tydens dié seminaar ook waarde kan toevoeg.

Hou Koerania dop vir die volledige inligting vir die aftreeseminaar in Mosselbaai sodra dit beskikbaar is.


Abri Ferreira


lekker.nikki


Contessas, Abri, Johan, Dia

Contessa Kruger van Victoria-Wes, Abri Ferreira – voorsitter van die Oudtshoorn Besigheidskamer, Johan Allers, Burgemeester van Oudtshoorn en Dia van Staden, redakteur van Koerania het goeie gesprekke oor planne wat Oudtshoorn het om die toeloop van potensiële inwoners te akkommodeer. Orania is deur die seremoniemeester vir die aand, lekker.nikki van Tiktokfaam, hartlik by die netwerkgeleentheid van die besigheidskamer verwelkom. Dié besigheidskamer is in 2024 as die beste sakekamer van die Wes-Kaap aangewys. Abri het uitgebrei oor Oudtshoorn wat steeds 'n dorp is waar inwoners goeie verhoudinge handhaaf. Johan werk hard om die munisipale amptenare tot verantwoordelikheid te roep sodat die gemeenskap op hul kan staatmaak. Toerisme is een van Oudtshoorn se belangrikste inkomstestrome en daar word tans beplan om fokus te plaas om geriewe waar toeriste kan ontspan. Selfs die volstruise moet opsy staan vir toerisme.

Dit was vir besoekers by die netwerkgeleentheid soos Contessa en Dia duidelik waarom hulle met die louere weggestap het. Hul respek vir mekaar en die manier waarop daar genetwerk word en hoe sakemanne en vroue met mekaar bemoeienis maak, was merkwaardig.

Die Orania Sakekamerverteenwoordiger vir bemarking en toerisme, Dia van Staden, het by dr Willie Cilliers, voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut (Ahi) in die Wes-Kaap, 'n draai gemaak om kers op te steek oor sakekamerkwessies. Aangesien dr Cilliers vroeg in Augustus as spreker by die Orania Sakekamer se netwerkgeleentheid saam met professor Jannie Rossouw gaan optree, was dit 'n gulde geleentheid om gedagtes uit te ruil en bande te smee. Hul het in George by sy rekeningkundige praktyk ontmoet. Daar is onder andere gesels oor George wat 'n toevlugsoord vir baie afgetredenes van oraloor geword het. Sy betrokkenheid by verskeie besigheidsektore beklemtoon die feit dat hy uiters ingelig is oor tendense in die breë besigheidsfeer. Hy het klem daarap gelê dat die skryf van 'n volledige grondwet vir 'n sakekamer van kardinale belang is. Die Orania Sakekamer sien daarna uit om hom te ontvang en van hom te leer.

(Hy noem dat daar opnuut na infrastruktuur gekyk word om seker te maak dat dienste voldoende gelewer kan word vir die toename in die getal inwoners.)


Dr Willie Cilliers

AHi
SAAM SKEP ONS VOLHOUBARE WELVAART

## Rubriek:



## WYNVLIEG WOLTEMADE

In hierdie eerste bydrae van ons splinternuwe satiriese rubriek “Die Wynvlieg waai in,” bring Wynvlieg Woltemade 'n spottende blik op die mees gesaghebbende ritueel in Afrikanerkultuur: die braai. Dis snaaks, dis herkenbaar – en dalk, net dalk, steek jy volgende keer jou tang in jou sak.

Die Groot Afrikaanse Braai-Orde

Niemand weet presies hoe dit begin het nie. 'n Man met 'n pens het net eendag sonder woorde voor die vuur kom staan. Dis al. Toe het almal geweet: hy vat nou die roostersleutel...

By Afrikaners is die vuur nie net warm nie- dis heilig. Dis 'n terrein van mag, identiteit, en subtiele sosiale hiërargie. Niemand word amptelik aangewys om die vuur te maak nie. Nee, jy ontvang die vuur- soos Moses die wette. Net, met kole.

Dis hoekom daar altyd daardie oomblik is: 'n man met hande op sy heupe, staar stip na die rooiwarm kole, en sê dan: “Dis nog nie warm genoeg nie.”

Daai woorde, vriend, is die begin van 'n braai-staatsgreep.

Jy kry basies drie tipes vuurmeesters:

1. Die Dominante braaier: Vat beheer soos 'n generaal. Sê vir almal hoe hulle sout moet strooi.
2. Die Stil-Kapper: Sê niks. Braai perfek. Jou vrou vra later oor hom. Jy voel bedreig.
3. Die Teorie-braaier: Lees braairesepte op Pinterest. Braai hoendervlerkies met perskes. Word nooit weer genooi nie.

En dan is daar die Groot Taboe: Wat gebeur as iemand wors draai sonder om te vra?

Dis basies 'n kulturele aanval. Dis soos om op 6 April te sê dat dit beslis Jan van Riebeeck se skuld was.

Nog erger: hoendervlerkies.

As jy hoendervlerkies na 'n skaapbraai toe bring, moet jy verwag dat niemand ooit weer jou kinders se verjaarsdagpartytjie gaan bywoon nie. Jy sal dalk nog 'n nooi kry, maar nie respek nie.

Dan's daar die geselskap om die vuur. Of "vuurpraat". Dit's nie net 'klein geselsies' nie- dis nie-politieke diskoers.

“Dis nie meer soos dit was nie,” sê iemand.

“Maar ons bou darem,” sê 'n ander.

“Het julle daai laagvat gesien?” brul die sportvraat.

Lang stilte.

Dan noem iemand iets oor 'n buurvrou se giggelgroen stoep…


So, die volgende keer as jy by 'n Afrikaner se vuur gaan staan, wees versigtig. Moenie sommer iets draai nie. Moenie hoendervlerkies bring nie, tensy die mense vir groente gevra het. En moenie die vuur vat nie… tensy jy gereed is om 'n volk te lei.

Ek's Wynvlieg Woltemade. En ek hou jou dop.




GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies



# Ons belofteryke toekoms

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut

*"Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is … was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom. Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons." 2 Korintiërs 1:19-20.*

Wat is jou siening oor die toekoms, jou eie een en die toekoms van Orania? Wanneer God Homself aan iets of iemand verbind, dan gee Hy jou sy Woord. God se Woord is regtig ook sy eer. God gee aan sy kinders ook beloftes oor wat Hy in die toekoms onderneem Hy sal doen. Voor die koms van Christus was God se een groot belofte saamgetrek in die belofte dat Hy die Verlosser sal stuur (Gen 3:15). Die Verlosser, het God belowe, sal dan ook die groot geskenk van die Heilige Gees gee aan sy kinders (Joël 2:28). God se beloftes is ryk en betroubaar. Wat God belowe, doen Hy. God se Woord – die beloftes wat aan ons gemaak is – is die vaste fondament waarop ons ons toekomsverwagting bou, ook hier in Orania.

Verbind

God verbind Homself deur sy verbondsbeloftes aan mense, selfs tot in die nageslagte. In Handelinge 2:39 staan: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep". Op God se beloftes kan jy reken. God bind self sy eie betroubaarheid aan wat Hy sê oor die toekoms, ook ons eie toekoms. Laat ons weer diep nadink oor ons toekoms: wat bepaal ons toekoms in sy kern? Is dit wat ons self dink of doen, of vrees of slegs dit waarvoor ons kans sien? Glo ons regtig ons toekoms is in God se hand, gerig deur sy beloftes? Vind ons God se beloftes geloofwaardig in ons huidige omstandighede? Die toekoms vir 'n Christen word ten diepste bepaal deur Wie God is en wat Hý belowe. God maak hierdie beloftes deur sy Woord en Heilige Gees bekend. God se beloftes sal alleen in jou en my lewe werklikheid word, op grond van ware geloof in die Here Jesus Christus. Dit is wat die apostel Paulus verkondig aan die gemeente in Korinte, en ook aan ons. Al God se beloftes hou stand in Jesus Christus alleen. Om die beloftes van God te ken is baie belangrik. Mens moet wéét wat jy glo en verwag. Om egter die beloftes te ken, hoe baie daar ookal is, is nie genoeg nie. Ons moet ook glo, ons moet vertrou dat God sy Woord gestand kan en wil doen. Dit gebeur alleen wanneer ons vertroue gerig is op Jesus Christus. Die Here Jesus was met sy lewe en sterwe op aarde getrou aan sy Vader tot in die hel en die doderyk. Op grond van God se beloftes oor sy koms en die geskenk van die Heilige Gees het Christus dwarsdeur die dood gegaan. Selfs die dood kon God nie keer om sy Woord gestand te doen nie.

Ons toekoms en toekomsverwagting is gerig op die feit dat God dié groot doodloop straat, - die dood – oorwin het. God gee wat Hy belowe as daar egte vertroue is op Hom. Hierdie geloof wat die Heilige Gees in ons wek en werk is self ook 'n geskenk van God af (Efes. 2:8). God rig ons vertroue op sy betroubaarheid, deurdat Hy vir ons beloftes gee oor die toekoms. Twyfel en ongeloof bring slegs onsekerheid en wanhoop. So leer die Bybel ook: "… want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie …" Jak. 1:6-7.

Wat beteken dit vir ons in ons persoonlike lewens en ook as 'n gemeenskap in Orania? Ons wat hier die groot geloofsdroom koester dat ons as volk ook 'n eie plek mag hê, 'n Christelike republiek waar ons die Here mag aanbid, eer en verheerlik. 'n Plek waar ons vry is om God te aanbid op alle lewensterreine. Wat beteken God se beloftes vir ons toekoms? Gaan ons dit ontvang in geloof of verbeur in twyfel?

Toekoms in God se hand

Wat sien ons en wat ervaar ons? Wat is die harde werklikheid? Ons beleef ekonomiese swaar tye, ons sien en hoor hoe ander sing en sê dat ons geen plek voor hulle oë mag hê nie. Wie glo ons nou – nou as ons juis beproef word of die beloftes van die Here vir ons enigsins iets werd is? Ons moet ons geloofsvertroue rig op wat God sê en nie wat onsself in ons vrees of twyfels sê nie. Ons toekoms word nie bepaal deur ons vyande nie. Ons toekoms is in God se hand en as ons met geloof in God se betroubare beloftes ons lewens inrig, ook ons hele gemeenskap se lewe, dan vlam daar hoop in ons hart op. Nog nooit het God nie gedoen wat Hy sê nie. Christus het gekom, Hy is gekruisig en het opgestaan. Kyk, Hy lewe in ons. Sy Heilige Gees is met ons. Die toekoms behoort aan God, en Hý belowe ons uitkoms in die toekoms.

Orania verklaar openlik en amptelik dat ons onder die koningskap van die Here Jesus Christus staan. Ons wil deur God se Gees regeer word. Dit bring groot troos, maar ook groot verantwoordelikheid. Nou – ook in moeilike, selfs krisistye, kan ons vasstaan en weet: God doen wat Hy belowe. Laat ons verwagting vir die toekoms gerig wees op die rykdom van God se beloftes. Al God se beloftes is ja en amen in die Here Jesus Christus. Mag ons groeiende stad, mag ons wordende republiek hiérdie kenmerk dra, dat vriend en vyand mag sê: Orania lewe uit die beloftes van God.




# Akwamasie:

## 'n Vriendelike Alternatief vir Verassing



Akwamasie, ook bekend as alkaliese hidrolise of waterverassing, is 'n eko-vriendelike alternatief vir tradisionele verassing wat water, hitte en alkaliese chemikalieë gebruik om die liggaam te ontbind.

Die Akwamasieproses

Akwamasie behels verskeie sleutelstappe wat dit van tradisionele vlamgebaseerde verassing onderskei:

· Voorbereiding: Die liggaam word soortgelyk aan tradisionele verassing voorberei, maar dit is nie nodig om pasaangeërs of ander inplantings te verwyder nie. Die liggaam word in 'n vlekvrye staalkamer geplaas wat vir die proses ontwerp is.

· Chemiese Oplossing: Die kamer word gevul met 'n mengsel van ongeveer 95% water en 5% alkaliese chemikalieë, tipies kaliumhidroksied of natriumhidroksied. Hierdie oplossing word tot ongeveer 160°C (320°F) onder druk verhit, wat kook voorkom.

· Ontbinding: Oor etlike ure (gewoonlik 6-8 uur) versnel die kombinasie van hitte, druk en die alkaliese oplossing die natuurlike ontbindingsproses, wat die liggaam se organiese materiale in hul basiese komponente afbreek. Dit lei tot 'n steriele vloeistof en sagte, poreuse beenfragmente.

· Finale Oorblyfsels: Nadat die proses voltooi is, word die oorblywende beenfragmente tot 'n fyn poeier verwerk, soortgelyk aan as van tradisionele verassing. Die vloeibare byproduk, wat aminosure, peptiede en ander organiese materiale bevat, kan veilig weggedoen word of in tuine en groenruimtes gebruik word.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA



# BCVO daag ander skole uit vir Voortrekkermonument-steun




Lucia van Wyk, uitvoerende hoof van die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO) oorhandig 'n skenking van R27 000 aan dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Kultuurtuiste om 10 sonpanele vir die Voortrekkermonument aan te koop.

Die ikoniese Voortrekkermonument in Pretoria is stewig op pad om sy droom van selfvoorsiening van elektrisiteit met behulp van 'n sonkragstelsel te verwesenlik. Die publiek het reeds meer as R500 000 tot die Monument se "Gee ons krag"-veldtog bygedra.

Die projek het onlangs verdere stukrag gekry danksy 'n skenking van R27 000 (die waarde van 10 sonpanele) deur die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys (BCVO). Dié skenking is tydens die BCVO se algemene jaarvergadering deur Lucia van Wyk, uitvoerende hoof van die BCVO, aan dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument, oorhandig.

Volgens Van Wyk het persone in die BCVO en CVO-skole bygedra wat hulle kon en die BCVO se direksie het ook geld bygesit. Sy daag nou ander skole en kultuurorganisasies uit om soortgelyke veldtogte van stapel te stuur en 'n bydrae te maak om die Voortrekkermonument se sonkragplan te steun.

"Ons erfenis en kultuur is ongelooflik belangrik en dit word in die Voortrekkermonument vergestalt. Ons het probeer om vanaf die BCVO se kant af die Monument sterk te maak en uit te bou, want dit maak óns sterk.

"'n Kind wat weet waar hy vandaan kom, weet waarheen hy op pad is. As ek trots is op wie ek is en waar ek vandaan kom, het ek respek vir ander. Ons probeer dít in ons kinders vestig. Ons het mekaar nodig om vorentoe te gaan," sê sy.

### Geskiedenis nie politiek

Van Wyk sê die BCVO is verbind daartoe om waarheidsgetroue geskiedenis aan kinders oor te dra.

"Geskiedenis word eintlik eers ná 25 jaar geskiedenis en slegs as dit ná 25 jaar nog oorvertel kan word," sê Van Wyk. "Geskiedenis is nie politiek nie, so ons moet kyk wat werklik plaasgevind het en dít aan ons kinders oordra.


"Ja, daar was foute, maar ook goeie goed. Politiek pootjie dié onderskeid. Politiek het 'n agenda, terwyl geskiedenis die objektiewe beoordeling van gebeure en feite voorop stel. Die BCVO is verbind om onderwys met 'n Christelike Afrikaner-etos te fundeer en geskiedenis op 'n objektiewe manier oor te dra. Ons kan ons kinders leer dat leiers ook foute maak, maar hulle terselfdertyd leer om objektief te evalueer," sê sy.

Volgens Van Wyk is dit belangrik dat skole die Voortrekkermonument besoek en meer kinders leer om tussen geskiedenis en politiek te onderskei.

Neem die BCVO se uitdaging op en help die Voortrekkermonument om kragonafhanklik te word.

Klik hier om by te dra: https://vtm.org.za/gee-ons-krag-projek/

Vir enige navrae, kontak Du Preez by dupreez@kultuurtuiste.org.za.



Die Voortrekkermonument voer 'n stryd om die ligte aan te hou en om die kosbare erfenisitems in die argiewe teen die regte vog en temperatuur te bewaar.

# MENINGS OPNAME Hier is die wyses waarop Oraniërs hul kinders van eie arbeid en selfbeskikking leer

### Paul Vogel



1. Dit is vir ons as gesin belangrik om saam om 'n tafel te eet, dit is hier waar ons gesels oor ons dag, wat ons beleef, huisgodsdiens doen, saam bid en praat oor ons manier van doen.
2. Prakties leer ons hulle deur huis take, voertuie was, skottelgoed was, kamers opruim en wegpak.
3. Ons volg ook 'n benadering waar ons ons kinders leer of selfstandige besluite te kan neem. Van kleredrag tot tydsbestuur vir skoolwerk en speel. Dit bou selfvertroue en leer aanpasbaarheid wat ons glo kern boustene is.

Die beste voorbeeld is nie net woorde nie, maar in ons optrede en dade wat ons stel en wat ons kinders sien en ervaar nie net van ons as ouers nie, maar by die kerk en skool wat saam ons gemeenskap vorm.

### Philip Naudé




Formeel rondom die kombuistafel op die Sabbatdag en met ons daaglikse lewenswandel, prent en patroon ons vir ons kinders 'n Godvresende lewensuitkyk. Vir jonger kinders is die onverdoeselde waarheid van mense-politiek 'n bykans onverduidelikbare en onregverdigbare verhaal van teenstrydighede. Vir dié wat bietjie meer lewenservaring bykry, probeer ons die Waarhede vanuit die Bybel en die sondige aard van die mens en die wêreld in praktyk uitwys. Ons vertrou dat indien ons ons kinders in die vrese van en respek vir God ons Vader onderrig, hulle in goeie stand met Hom én met die wêreld sal leef. Met 'n goed gevestigde lewensuitkyk, geanker in Geloof, is selfbeskikking vir enige minderheidgroep in 'n antagonistiese samelewing nie moeilik om te leer nie. Daar is niks nuut onder die son nie. Die kinders van Abraham was nog altyd reisigers en bywoners op die aarde.

### Christelle de Villiers



Eie arbeid begin deur die voorbeeld te stel vir jou kinders. Gee vir jou kinders take om te doen, en leer hulle ook die beginsel van spanwerk. Wanneer kinders verantwoordelikheid neem vir dit wat hul moet doen, sal hul verstaan dat jy oor jouself beskik.

### Anné van Zyl



1. Skep 'n realiteit in kontras met die res van SA. Die kinders sien dat daar by ander mense in die land hulp in die huis is, maar by ons doen ons dinge self.
2. Elke kind het 'n onmisbare werkie, soos skottelgoed uitpak en herwinning sorteer. Hulle moet ook self hulle eie speelgoed elke aand op hul plekke bêre.
3. Hulle leer van Orania-instellings soos OVD wat Orania se "eie polisie" is, want hier doen ons ons eie werk!

### Johan de Klerk



My kinders verrig self sekere huishoudelike take.
My kinders doen ook al van laat laerskool tot vroeë hoërskool betaalde werk in die dorp.
Verder praat ons in die huis oor die waarde van eie arbeid.



BO-KAROO OPLEIDING is 'n privaat opleidingsinstelling wat beroepskwalifikasies in skaarsvaardighede aanbied, gebou op 'n Christelike fondasie en gewortel in die vryheid en uniekheid van ons Afrikaner kultuur.

2026 inskrywings is oop!

Boerderybestuur | Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries
Loodgieter | Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling

Besoek www.bko.co.za vir meer inligting en inskrywingsvorm

VANUIT DIE GEHOOR

deur Karin Buys

# Plaasbraai veroorsaak 'n gekuier

Osbraai op Kromdraai, almal is daar
Van heinde en verre kom almal saam...
Die vure die knetter, die kinders ringkink...
Die son trek al water, die skemer is hier
En almal tevrede om 'n braaivleisvuur

Hierdie liedjie van Francois Hayes het is my gedagtes bly dwarrel met die aankoms by die Plaasbraai, hierdie keer nie op Kromdraai nie maar wel op ons eie osbraai van Orania .

Almal van oud tot jonk was in 'n ligte luim met die heerlike saamkuier met familie en vriende op een van die laaste lekker herfsdae, ja meer as 800 mense!

OVD in samewerking met die Rocket helikopter het 'n indrukwekkende vertoning gelewer van hoe gerat hulle is om in noodsituasies, waar elke minuut van belang is, die nodige diens en ondersteuning te kan bied aan Oraniërs . Ons is dankbaar en trots hierop. Die jongspan het met verwondering gestaan en kyk na die vlieënier wat met soveel kundigheid die helikopter presies op die regte plek kon land.

Vermaak is vir oud en jonk aangebied met goeie agtergrondmusiek wat bygedra het tot die feestelike atmosfeer. Die trekker met sy waentjies het gesorg vir prettige ritte vir die jongspan, daar was selfs die jonges van gees wat ook gedeel het in hierdie pret en saamgery het. Ouers, oumas en oupas het nie geweet van die kinders nie want hulle kon vry en veilig orals rondhardloop en speel. Soos gewoonlik het die hele dorp na die kinders omgesien.

Met sonsak is ons verras met die kunstige snywerk in die vuurdromme. Dit het bygedra om die nodige hitte met styl te verskaf. Die dorpraad se manne het knap gesorg dat die vure heeltyd hoog brand met hout wat aangery is. As die koue te erg byt kon almal eers bietjie om die vuur verligting kry.

Die hoogtepunt was natuurlik die ete. Wat 'n heerlike ervaring. Komplimente aan al die braaiers wat hulle baie goed van hulle taak gekwyt het, daar was niemand wat nie selfs twee of drie keer kon gaan skep nie. Dit kos goeie organisasie en beplanning om so groot groep mense so gou te laat opskep. Binne bykans veertig minute is die hele skare gevoed deur die vele opskeppunte wat goed beman was.

Ons eerste osbraai was 'n belewenis. Aan al die organiseerders en Oraniërs wat die moontlik gemaak het: van harte geluk – ons sien al uit na Plaasbraai 2026!

## Ons Paradys Tuinuitdaging

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?
Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

1. Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 17 Oktober 2025 verwelkom word.
Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.
Die geregistreerde tuine sal vanaf Vrydag 31 Oktober besoek en beoordeel word. Die wenners in onderskeie afdelings sal aan die einde van November 2025 tydens 'n skemerkelkiegeleentheid aangekondig word.

**Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?**

1. Beginnerstuin
2. Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte)
3. Groenteboks
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)

**Stuur voltooide registrasievorms na advertensies@koerania.co.za voor die sluitingsdatum op Vrydag 17 Oktober 2025. Prysgeld per afdeling:**

- Beginnerstuin R4 000-00
- Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte) R3 000-00
- Groenteboks R4 000-00
- Grasperk R1 500-00
- Sakpas tuinmaak (idee in die kleine) R2 000-00


**Reëls en regulasies:**

1. Alle afdelings is oop vir slegs alle Orania inwoners . Vul die registrasievorm in en stuur dit aan die organiseerders, soos aangedui.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2025 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 17 Oktober 2025 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Maak asseblief seker dat 'n kontaknommer en adres op die registrasievorm aangebring word.
8. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
9. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
10. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
11. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
12. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
13. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
14. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
15. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.

Met trots angebied deur KOERANiA

Skandeer die kode vir u registrasie













## KOERANIA RESEP Winterwenner van 'n sopresep

# SUID-AFRIKAANSE BOTTERSKORSIESOP

Deur ZAR-INA


Foto: George F

"Hierdie resep is so eenvoudig, en tog is dit die lekkerste botterskorsiesop ooit! Ek is redelik seker die brandrissie speel 'n groot rol in die sukses daarvan; dit gee regtig net 'n tikkie brand, maar bring die ryk, neutagtige geur van die pampoen perfek na vore. Vir hierdie resep om werklik wonderlik te wees, is tuisgemaakte hoenderaftreksel die ideale keuse. Die bietjie tyd wat dit neem om hoenderkarkasse en kruie te kook, is dus die moeite werd. Daar is hope eenvoudige resepte vir hoender- en ander aftreksels in byna elke kookboek en op die meeste kookwebwerwe. As jy egter nie die tyd wil neem om jou eie aftreksel te maak nie, maak dan een van 'n aftrekselblokkie of -poeier. Ek weet eerlikwaar nie wat as 'n plaasvervanger vir botterskorsie gebruik kan word as dit nie in jou land beskikbaar is nie, want pampoen werk nie goed nie, al lyk dit soortgelyk aan 'n botterskorsie in kleur. Die tekstuur van 'n botterskorsie is baie gladder en fyner as pampoen, en dit is baie soeter. Miskien is dit eerder meer soos 'n patat, beide wat tekstuur en kleur betref, as 'n pampoen."

**Gereed in: 1 uur 45 minute Lewer: 2 liter Porsies: 6-8**

**BESTANDDELE**

- 1½ kg botterskorsie
- 2 groot bruin uie, fyn gekap
- 3 klein knoffelhuisies, fyn gekap of 1 groot knoffel huisie
- 500 ml hoenderaftreksel
- 1 teelepel suurlemoensap
- 250 ml water
- 3 klein sterk groen brandrissies of 1 groot jalapeno, sonder pitte, fyn gekap
- 1 eetlepel gesmelte botter
- 250 ml vars vloeibare room

**AANWYSINGS**

1. Skil die botterskorsie, verwyder die pitte, en sny dit in ongeveer 5 cm vierkantige blokkies.
2. Skil en kap die uie redelik fyn.
3. Kap die knoffel baie fyn, of druk dit deur 'n knoffelpers.
4. Halveer die Jalapeno-brandrissie of groen rissies en skraap al die pitte uit. Kap die groen vleis baie fyn.
5. Plaas die uie, knoffel en rissies in die gesmelte botter in 'n kastrol oor matige hitte en kook totdat die uie sag en deursigtig is. Voeg die suurlemoensap en hoenderaftreksel by en roer totdat dit goed gemeng is.
6. Voeg die water en die blokkies botterskorsie by, en prut totdat die sop dik is en al die bestanddele goed saamgesmelt is, ongeveer 1 uur.
7. Verwerk dit met 'n handmenger ('Bamix') of 'n voedselverwerker.
8. Bedien warm.
9. Roer 'n eetlepel of twee vars room in die middel van elke sopbak net voor opdiening.

Bron: South African Butternut Soup Recipe - Food.com



**Petite en gesond...** Kleine Esmari Eileen Nicolaisen is Esmarelda en Robert se eersteling. Sy is op 12 Mei om 18:50 gebore met 'n popgewig van 2,9kg. Mamma en pappa, plus die res van die familie, speel lekker pop!

## ORANIA DAGBOEK

### Junie

13 - Solidariteit Netwerkgeleentheid: Entrepreneurs/Finansies
13 - Volkskool Orania vakansie
13 - Koerania Uitgawe 19: koerania.co.za
13- 14 - Kaalvoetkonsert
14 - Knipmesbraai
15 - Braam Kramer – Maranata
19 - Israel Taylor Evangelis – Blou Stoor
27 - CVO-Skool Orania skool sluit
28 - Aandmark by die Kuierstoep

### Julie

5 - Elsabé Aldrich Pretprater
6 - Sakekamerontbyt: Mos se Plek
11 - Koerania Uitgawe 20
15 - Volkskool Orania – Skool open
21 - CVO-Skool Orania – Skool open

### Augustus

2 - Orania Helpmekaar Damestee
6 - Sakekamer Netwerkgeleentheid: GVS-gebou
15 - Koerania Uitgawe 21
11-16 - Taalweek
14 - Taaldag

### September

5 - Sakekamerontbyt: Wafelhuis
19 - Volkskool Orania – Skool sluit

### Oktober

7 - Volkskool Orania – Skool open
8 - Sakekamer Netwerkgeleentheid
9 - 11 - Karnaval
10 - Heldedag
13 - CVO-Skool Orania – Skool open
17-31 - Bejaardeweek









# Tussen gewigte lê uithouvermoë

Dia van Staden - Redakteur




Nadia Kuit (36) gesels met die ysters in die gimnasium. Dit is daar waar sy haar kop skoon kry en stoom afblaas. Alhoewel sy nie Maatskaplike Werk as 'n studierigting gekies het nie, is dit waarvoor sy by die Bo-Karoo Opleidingsentrum aangestel is.

"Ek het vir Sielkunde ingeskryf en toe ek in 2008 by die Noordwes Universiteit se kampus aanmeld is daar vir my 'n verkeerde kode gegee. Dit het beteken dat ek toe by die Maatskaplike Werk departement geregistreer was," vertel Nadia byna 17 jaar later.

In 2018 het sy besluit dat sy wou spesialiseer en het toe haar meestersgraad in Kinderbeskerming gedoen. "Ek is tans met my doktorsgraad daarin besig met die fokus op verlies, waar kinders verwyder word." Sy glo dat die Here haar in dié beroep geplant het. Vanaf 1 Junie is sy ook by Helpmekaar as Maatskaplike werker betrokke.

In haar vroeë 20's het sy die gimnasium in Middelburg ontdek omdat sy 'n bietjie gewig gehad het om af te skud. Sy het skolenetbal gespeel en was 'n hulpdoel en soms verdediger vir die span in Hoërskool Piet Retief, maar andersins was sport nie hoog op haar aksielys nie.

Nadia glo: "'n Gemaksone is 'n lekker plek om te wees, maar mens groei nie daar nie." Toe sy in Bloemfontein gewoon het, het Bootcamp haar aandag getrek. Die gogga het haar gebyt en sy het aan hinderniswedrenne begin deelneem. Sy moes haar drafvernuf opskerp en daag haarself steeds daarmee uit.

Uithou en kragoefening is volgens haar 'n direkte skakel met hoe jy die lewe moet benader. "Aanhou en deursettingsvermoë kan jou verbaas," deel sy. Sy vertel dat die eerste deelname moeilik en uitdagend was. Sy het egter deurgedruk, want haar lewensreis tot hier het haar geleer dat vasbyt noodsaaklik is. "Soms moet jy stop, rus en asemhaal, en ander kere moet jy weer voluit aangaan."

Hierdie lenige vrou glo dat enige meisie ook op innerlike krag moet kan staatmaak. Dit is vir haar simbolies.

Sy het nie oefenvriende nie, want sy maak haar kop skoon tydens haar oefensessies. Sy beskou die alleentyd as stresbestuur en dié uur in 'n dag waar sy haar kop voorberei op die lewe. Naweke oefen sy haar langafstandfiksheid.

Nadia se ouers woon sedert 2012 al in Orania en sy woon tans by hulle. Sy het 2 broers wat al vir kleinkinders vir ouma en oupa gesorg het. Dié plaasmeisie geniet die rustigheid en veiligheid wat Orania bied. "Dit is 'n minder gejaagde lewe en dit bly vir my 'n voorreg om tyd saam met my ouers te spandeer," sê sy. Sy verduidelik dat die rustigheid nie verwar moet word met niksdoen nie, maar dat die atmosfeer in Orania vir 'n rustiger leefstyl sorg.

Sy praat met lof van haar kollegas by BKO en geniet die voordeel daarvan om met haar eie mense, Afrikaners, te kan werk.

As 'n atleet het sy vanjaar aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Hindernisbane deelgeneem. Dit is oor 2 dae in Bloemfontein aangebied. Op dag 1 moes sy 5km hardloop en 40 hindernissse voltooi. Dag 2 was daar 3km om kaf te draf en 20 hindernisse. In haar ouderdomskategorie het sy tweede geeindig.

Die Bloemfontein Battle Ground is 'n funksionele fiksheidsuitdaging wat sy op 15 Mei aan deelgeneem het. Sy beoog om weer in Julie deel te neem. Dié kompetisie bestaan uit 4 bene. Jy kry op grond van jou posisie punte, wat beteken dat jy die resies of die reeks kan wen.

Sy het aan die Mimosa halfmarathon deelgeneem waar daar duisende atlete was en in die Bo-Karoo Vasbyt in Orania het sy 'n derde plek verower. Gedurende Augustus vanjaar gaan sy vir die eerste keer die Deadly Dozen in Bloemfontein aandurf. Dit bestaan uit 12 rondtes hindernisse wat teen 'n hoë tempo voltooi moet word.

'n Oefenroetine bestaan vir haar uit iets van alles. "Ek probeer krag en fiksheidsoefeninge kombineer. Daar is dae wat ek op krag, uithouvermoe en metaboliese kondisionering fokus. Ek werk langafstande in waar moontlik en poog om funksionele fiksheid vol te hou. Ek geniet die verskillende elemente van oefen, sodat dit interessant moet bly. Ek wil nie in 'n vervelige roetine verval nie," sê sy.

Ander stokperdjies van haar sluit musiek en perdry in. Sy kry nie baie tyd daarvoor nie, maar geniet 'n stokperdjie wat haar aktief besig hou. Sy sal nie nee sê vir 'n luilekker fliekdag in die bed nie, veral wanneer dit koud is.

Nadia se raad aan onfikses in die winter is om op te staan en iets te doen voor jou brein uitvind waarmee jy besig is. "Die eerste kilometer is 'n leuen. Dit is dan erg, maar as jy goedvoelhormone begin vrystel word dit lekker. As jy warm word en aan die gang is, kan die koue jou nie vat nie. Klim uit die gemaksone uit. Die resultate sal die moeite werd wees!"








OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA Sport
Junie 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 19

oraniadigitaal.com
Webgasheerdienste
ORANIA DIGITAAL

# Comrades 98 laat 2 Oraniërs sweet

Dia van Staden - Redakteur

Dié uithoumarathon is wêreldbekend en het vanjaar 20 974 atlete laat wegspring. Daar was 16 721 mans en 4 253 vroue wat by die beginpunt vergader het. Die eindstreep het 18 209 daaroor sien hardloop, strompel of kruip. Van dié totaal was dit 14 647 mans en 3 562 vroue wat die marathon voltooi het.

Die resies het 'n merkwaardige hoogtepunt beleef toe Louis Massyn (74) die eerste atleet in die wêreld geword het om dieselfde ultramarathon vir die 50ste keer te voltooi. Hy het die eindstreep in 'n tyd van 11:53:14 oorgesteek.

Aan die ander kant wat dit darem so bietjie beter maak is dat ek die voorreg het om my man te ondersteun, maar glo my dit is senu tergend. Ek is baie trots op hom wat dit nou al vir 22 keer kon doen.

Dink dit sal iets besonders wees as ek my permanente nommers in altwee in een jaar kan kry, maar dit bly in die Here se hande.

Wayne McDermitt se nommer 5 en Christo Müller se nommer 22 Comrades marathon het vir albei goed geeindig. Vanjaar se af-resies word deur hulle as die makliker, maar verder resies beskryf. Wayne skryf dit toe aan die feit dat hy meer kragoefening ingesit het vir vanjaar se marathon.

Wayne sê: “Die kameraderie is sterk. Daar is groot respek vir mekaar omdat jy weet die atleet langs jou is nie daar van baie praat nie, maar eerder van baie doen.” Christo het lof vir die skare wat hom van ligdag tot die einde met 'n gejuig gedra het. “Dit was 'n byna onwerklike gevoel soos wat almal, sonder uitsondering, my ondersteun het en Orania uitgeskree het. Ek het soos 'n prins op sy perd gevoel wat deur die skare toegejuig word,” lag hy. Hy verduidelik dat daar plekke was waar soveel mense gestaan het om 'n tonnel te vorm, dat dit soos 'n brander van die een kant af begin het tot die einde waar Orania geskree word. Christo het met die Oraniavlag aan sy lyf gehardloop, wat dit onmoontlik gemaak het vir mense om hom mis te kyk.

Hoekom jouself deur die oefening en byna marteling sit? “Ek hou aan omdat mens soms moeilike dinge moet aanpak om sodoende sekere waardevolle eienskappe te versamel. My finale tyd was 10:04:52. Om gesond te leef en dankbaarheid te verstaan motiveer my nogal baie,” sê Wayne onomwonde.

Christo verduidelik dit so: “Eerstens sal ek sê dis 'n prestasie om die wedloop te voltooi binne die toegelate 12ure. Ek het met 'n tyd van 10:42:03 gehardloop. As dit maklik was, sou daar baie meer atlete deelgeneem het. Ek sê altyd vir mense....want ek kan, maar ek weet baie atlete sê hulle is nou klaar of dat dit die laaste een was. Daardie gees is net so ongelooflik! As jy by die beginpunt staan en Chariots of fire speel, is dit hoendervleismooi. Dit is 'n onbeskryflike gevoel as die toeskouers jou deur die pyn dra, veral op pad eindstreep toe. Na 'n week vergeet jy alweer van die pyn,” noem hy opgewonde.

Die vlag bo Christo se kop het daartoe gelei dat hy redelik wind moes afkeer. “Ek moes op twee stadiums die vlag afhaal vir ongeveer 3km's. Ek het daar gesukkel om vorentoe te beweeg.”


Byna 'n week het verloop en Wayne se wyse herstelproses sluit in: “Ek slaap soveel as wat ek kan, eet soveel as wat ek kan en kyk soveel netflix as wat ek kan. Ek oefen eers weer na so 20 dae.”

Christo rus ook vir 2 weke en begin dan weer liggies oefen tot die volgende wedloop, gewoonlik in September. Alhoewel hy na 'n week al goed voel is sy spiere nog lekker broos en daarvoor moet hy respekvol teenoor sy liggaam optree.

Karin Müller het al 6 medaljes in haar versameling, maar na 'n 2022 ernstige voetbesering moes sy haar oefenpas stadig aanpak. Sy kon ongelukkig nie genoeg marathons inpas om te kwalifiseer nie. “Dit is maar nie lekker om net te ondersteun nie. As die skoot klap is die adrenalien so hoog, maar jy mag net kyk, en by die einde is dit moeilik om te kyk hoe almal klaarmaak, want dit kon jy wees,” vertel Karin. Opgee is egter nie vir haar 'n opsie nie en sy is opgewonde om die kilometers te begin aftel vir 2026, omdat sy haar groen nommer met haar sewende Comrades wil kry en 7de Twee Oseane wil hardloop.

Joost Strydom se besige werksprogram en 'n ontydige besering het ongelukkig voorkom dat hy vanjaar die marathon kon aandurf. Hy noem wel dat hy hoop om in 2026 weer deel te neem.

Koerania sien uit na Wayne se nommer 6, Christo se nommer 23, Karin se nommer 7 en Joost se nommer 3 in 2026! Oefen lekker en dra ons Orania se fiksheidsvlag hoog!




Christo Müller met die Oraniavlag bo sy kop het geweldig aandag getrek en sy ambassadeurskap vir Orania word met waardering bejeën.




Wayne McDermitt en Christo Müller het die Comrades ultramarathon nommer 98 suksesvol voltooi. Hulle rus nou, maar sal binnekort vir 2026 se resies en ander marathons begin oefen.

